17 September 2021

Geagte Hoërskoolhoof

VOORBEREIDING VIR NASIONALE NORMTOETSE, GRAAD 11's

7 en 8 Oktober 2021

In die lig van die skaarste aan plekke op universiteit, gebruik universiteite toenemend toetse soos die Wiskunde- en Akademiese en Kwantitatiewe Geletterdheids-komponente van die Nasionale Normtoetse of NNT's (National Benchmark Tests of NBT's), of soortgelyke toetse.

Die Solidariteit Skoleondersteuningsentrum gaan in samewerking met kundiges 'n spesiale geleentheid vir Afrikaanse Gr.11-leerders bied om hul **taal- en Wiskunde-vaardighede** te slyp met 'n spesiale voorbereiding vir die aflê van hierdie soort toetse. In 2022 gaan ons hierdie werkwinkels opvolg met verdere sessies in taal en Wiskunde vir Graad 12's. Hoe vroeër ons egter begin, hoe groter is die kans dat leerlinge behoorlik voorbereid is vir aansoeke om universiteitstoelating.

Die beplande werkwinkels sal op 7 en 8 Oktober aangebied word, en Graad 11's sal 'n keuse hê om dit of in lewende lywe, of aanlyn te kan bywoon (per Zoom-platform).

PROGRAM

Die program is as volg:

Datum	Wat	Tyd	Formaat
7 Oktober	Taal	09:00 – 11:30	Lewende lywe
	Taal	14:00 – 16:30	Aanlyn
8 Oktober	Wiskunde	10:00 – 13:00	Lewende lywe
	Wiskunde	14:30 – 17:30	Aanlyn

Die lokaal waar die aanbiedings in lewende lywe gedoen word, is **Hoërskool Oos-Moot in Pretoria.**

Deelname hou verskeie voordele vir Gr.11-leerders in, en daarom vra ons skole om hul Gr.11-leerders te motiveer om hiervoor in te skryf:

- Blootstelling aan die tipe assessering wat hulle by aansoeke tot universiteitstoelating kan verwag.
- Vroeë identifisering van tekortkominge.

AANBIEDERS

- **Taalvaardigheid vir verdere studie**: Prof. Albert Weideman is professor in toegepaste taalstudie aan die Universiteit van die Vrystaat en buitengewone professor in taalonderwys aan die Universiteit van Wes-Kaapland. Hy lei ook Language Courses and Tests (LCaT) se werkwinkels in akademiese geletterdheid.
- **Wiskunde-vaardigheid**: Duard le Roux is die aanbieder van werkwinkels by Purple Pepper Maths, en hoogs ervare NBT-opleier in Wiskunde vir Graad 11's en 12's.

WERKSWYSE

Taal en Wiskunde word om die beurt op opeenvolgende dae aangebied op 'n wyse waarmee ouers gemaklik sal wees: of by **Hoërskool Oos-Moot se skoolsaal**, met inagneming van al die voorsorgmaatreëls, of by die leerder se huis. Leerders skryf vooraf in deur te registreer op hierdie JotForm-skakel: Inskrywingsvorm.

Betaling geskied met registrasie. Geregistreerde leerders ontvang 'n bewys van registrasie (vir die aanbiedings in lewende lywe), of 'n Zoom-skakel per e-pos waarmee hul inskakel vir die onderskeie werkwinkels. By eersgenoemde ontvang hulle die studiemateriaal ter plaatse, en by laasgenoemde kan hulle toegang tot die studiemateriaal aanlyn verkry. Addisionele materiaal kan óf by die skool afgehaal, óf dit kan na hulle versend word.

WAT KAN U AS SKOOL DOEN?

Skole voorsien die nodige registrasieskakel aan hul Gr.11-leerders en moedig leerders en hul ouers aan om daarvoor in te skryf. Leerders/ouers betaal self die inskrywingsfooi van **R200 per leerder** vir die Wiskunde-komponent, en **R200 per leerder** vir die Akademiese en Kwantitatiewe Geletterdheid. Waar leerlinge aan albei werkwinkels deelneem, is die koste dus **R400**, vir inbetaling in die aangeduide bankrekening op die skakel. Die keerdatum vir registrasie is **30 September 2021**.

SEKURITEIT

Elke leerder sal individueel 'n registrasiebewys of unieke wagwoord vir deelname ontvang, sodra betalingsbewys ontvang is. LW! Die skakel en wagwoord sal eers 24 uur voor die tyd gestuur word

Navrae: Rig navrae aan Annelle Robinson by admin@skole.co.za – Gebruik NNT as onderwerp.

Ons is baie opgewonde om hierdie nuwe diens aan skole te kan lewer. Ons het verlede jaar die werkwinkels aan 'n uitgesoekte groep van meer as 100 Graad 11's oor die hele land uitgetoets, om hulle solank bewus te maak van hierdie nuwe vereistes. Dit het besonder positiewe reaksie ontlok. Ons het vroeër vanjaar, in Mei, die Graad 12's met groot sukses aan die ware Jakob bekendgestel, en beoog om dit weer in 2022 te doen.

Die uwe

SKOLE
ondersteuningsentrum

HUGO VERMEULEN
Hoof: Opleiding
012 612 0234
082 301 0494
hugo@skole.co.za
Von Willichlaan 284, Die Hoewes, Centurion
www.skole.co.za